## Formele assessering

# Geskrewe Verslag oor Vaste bates (50 punte)

*Leerdersboek bladsy 107*

### Voorgestelde antwoorde

**Inligting:**
Education Ride is 'n vervoeronderneming wat skoolleerders en toeriste vervoer. Hulle het jou onlangs aangestel as hoof van hul finansiële- en batebestuur. Die ondernemingsvereistes dui aan dat hul ten minste vier addisionele voertuie benodig ten einde maksimum winste te bereik. Education Ride finansier en onderhou alle nuwe voertuie. Education Ride se kontantvloei laat hul toe om die voertuie kontant aan te koop.

**Gevra:**
Jy moet navorsing doen en 'n verslag opstel. Die verslag mag nie drie getikte bladsye of vyf geskrewe bladsye oorskry nie (uitsluitend bylaes bv. foto's, grafieke of jou eie notas). Die verslag moet geadresseer word aan die eienaars van 'n onderneming, en moet die volgende in ag neem:

- Versamel inligting vanaf <u>twee</u> verskillende Minibus handelaars met betrekking tot model, prys, kapasiteit, veiligheid, onderhoud/diensplan en ander unieke eienskappe aangebied deur elke Minibus handelaar. Hierdie inligting moet aan die einde van die verslag aangeheg word.
- Vergelyk die versamelde inligting en besluit watter model die onderneming moet kies. Voorsien 'n gedetailleerde motivering vir jou keuse.
- Verwys na die AARP-vereistes rakende die beweging van 'n bate. Neem die persentasie, metode van waardevermindering, en die aantal jare wat die bates gebruik sal word voor die drawaarde nul is, in ag (lewensduur van die voertuig).
- Verwys na 'n batebestuursbeleid in jou verslag. Sluit 'n bateregister in, en stel interne kontrolemaatreëls voor wat die onderneming kan oorweeg in die beleid rondom die gebruik en onderhoud van vaste bates. Stel voor watter strafmaatreëls ingestel kan word vir die misbruik van die bate. Voorsien gedetailleerde redes hoekom jy dit as toepaslik sien om bates behoorlik te beskerm.

**Riglyne vir die onderwyser**

**1 AARP (Lewensduur van Bates)**

Leerders moet verwys na:

- die aantal jare wat die bates 'n nuttige lewensduur sal hê
- die aard van die bate met verwysing na die bate se nuttige jare
- voorbeelde van eksterne faktore wat die bate se nuttige lewensduur sal beïnvloed, bv. die tegnologiese vooruitgang wat bepaal hoe lank die onderneming 'n rekenaar sal kan gebruik
- voorbeelde van interne (of bedryfs) faktore wat die bate se nuttige lewnsduur sal beïnvloed, bv. die verwagte aantal eenhede vervaardig vergelyk met die aantal eenhede wat die masjien kan produseer, of afstand gereis deur 'n voertuig wat die lewensduur van die voertuig sal bepaal.

Volgens Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) kan die volgende lewensduur vir bates oorweeg word:

| | |
|---|---|
| Passasiersvoertuie (5 jaar) | Ligte afleweringsvoertuig (7 jaar) |
| Trokke (10 jaar) | Sleepwaens (15 jaar) |
| Aanleg en toerusting (15 jaar) | Rekenaartoerusting (3 jaar) |
| Rekenaarsagteware (5 jaar) | Meubels en toerusting (5 jaar) |
| Mediese toerusting (5 tot 10 jaar) | |

**2 Batebestuursplan**

Ten einde te verseker dat die bates van ’n onderneming behoorlik bestuur word, moet ’n Batebestuursplan in plek wees. ’n Batebestuursplan spreek die volgende aan:

- reëls en prosedures wat die skep, gebruik en onderhoud van die bate register en sy inligting bestuur
- beleide en prosedures om inligting op die bateregister te onderhou
- finansiële planne gebaseer op die waarde van die bates
- korttermynplan om die tekort aan prestasie en toestand te bereik
- langtermynplan om die vraag na dienste, herstelwerk en vervanging van bates te bereik
- bates behoorlik beskerm word weens die groot kapitale uitleg
- verwysing na strafmaatreëls.
- 
- gereelde bate-inspeksies moet gedoen word en ’n verslag moet na elke inspeksie voltooi word
- vermiste/beskadigde vaste bates moet dadelik aangedui word in die boeke van die onderneming en aan bestuur gerapporteer word
- winste en verliese moet behoorlik aangeteken word wanneer bates vervreem word
- bates moet behoorlik verseker wees
- skeiding van pligte met spesifieke verwysing na die waardasie van bates, inspeksies en verslagdoening van die bate verliese en/of beskadiging.

Strafmaatreëls (hierdie hang van die onderneming se dissiplinêre kode af):

- Interne maatreël: dissiplinêre verhoor met ’n skriftelike waarskuwing of ontslag as uitkoms
- Eksterne maatreël: burgerlike regsaak.

Om te verseker dat bates behoorlik beskerm word moet die volgende in ’n onderneming bestaan:

- behoorlike en korrekte prosedures vir die aankoop van, ontvangs, teboekstelling van en vervreemding van vaste bates
- alle bates moet ’n reeksnommer/strepieskodenommer hê sodra aangekoop
- bates moet behoorlik waardeer word en die koste van installasie, plasing van die bate in diens, ens. moet ingesluit word
- alle vaste bates moet behoorlik aangeteken word in die boeke van die onderneming, insluitend die bateregister

## Taakassessering: Geskrewe verslag

| Kriteria | 1 punt | 2 punte | 3 punte | 4 punte | 5 punte |
|---|---|---|---|---|---|
| Versameling van inligting | Tekens van navorsing gedoen oor die hoofeienskappe van elke model. | Tekens van redelike navorsing wat gedoen was oor die hoofeienskappe van elke model. | Tekens van bevredigende navorsing wat gedoen was oor die hoofeienskappe van elke model. | Tekens van goeie navorsing wat gedoen was oor die hoofeienskappe van elke model. | Tekens van deeglike navorsing wat gedoen was oor die hoofeienskappe van elke model. |
| | **1-2 punte** | **3-4 punte** | **5-6 punte** | **7-8 punte** | **9-10 punte** |
| Aanduiding van 'n keuse | 'n Poging om keuses te vergelyk | ’n Redelike vergelyking en motivering van keuse | 'n Bevredigende vergelyking en motivering van keuse | 'n Goeie vergelyking en motivering van keuse | 'n Weldeurdagte vergelyking en motivering van keuse |
| | **1-2 punte** | **3-4 punte** | **5-6 punte** | **7-8 punte** | **9-10 punte** |
| AARP: waardev-ermindering-bedrag, vervreemding | Noem 'n metode van waarde-vermindering en bateverkope | Verduidelik ’n metode van waardevermindering en bateverkope | Verduidelik ’n metode van waardevermindering en bateverkope | Verwys na AARP ter verduideliking van die metodes van waardevermindering en maniere waarop bates vervreem kan word. | Verwys na AARP ter verduideliking van die metodes van waardevermindering en maniere waarop bates vervreem kan word. |
| | **1 Punt** | **2 punte** | **3 punte** | **4 punte** | **5 punte** |
| Bateregister | Toon 'n begrip van ’n bateregister | Stel 'n bateregister op en voltooi dit gedeeltelik | Stel 'n bateregister op en voltooi dit ten volle met 'n paar foute | Stel 'n bateregister op en voltooi dit ten volle met een fout | Stel 'n volledige bateregister op met al die korrekte besonderhede. |
| | **1-2 punte** | **3-4 punte** | **5-6 punte** | **7-8 punte** | **9-10 punte** |
| Interne kontole | 'n Paar kontrole-maatreëls gegee | Identifiseer kontrole-maatreëls en gee party idees oor onderhoud van bates | Verduidelik in detail die kontrole-maatreëls en die beleid oor die gebruik en onderhoud van bates | Verduidelik in detail die kontrole-maatreëls en die beleid oor die gebruik en onderhoud van bates. Gee sommige strafmaatreëls. | Verduidelik in detail die kontrole-maatreëls en die beleid oor die gebruik en onderhoud van bates. Gee uitstekende voorbeelde van strafmaatreëls |
| | **1 Punt** | **2 punte** | **3 punte** | **4 punte** | **5 punte** |
| Redes vir die beskerming van bates | Noem 'n rede | Noem 'n paar redes | Voorsien en verduidelik bevredigende redes | Voorsien en verduidelik goeie redes. | Voorsien en verduidelik uitstekende redes. |
| | **1 Punt** | **2 punte** | **3 punte** | **4 punte** | **5 punte** |
| Geskrewe verslag | Verslag gegee | Voldoende verslag met bevredigende opmerkings | Sommige aspekte van die verslag is goed. Het ten minste prente of grafieke of tabelle gebruik. | Goeie voorstelling. Gebruik ten minste prente, grafieke en tabelle. | Goeie voorstelling. Gebruik ten minste prente, grafieke en tabelle. |
| | | | | **TOTAAL 50 PUNTE** | **50** |